‘HOOGS ONVOLHOUBARE’ SKULDVLAKKE

# ‘Skadukant’ van SA se rykes blootgelê

## Hoe meer geld, hoe hoër is die skuld

**Heinz Schenk**

Om een van Suid-Afrika se minderheid rykes te wees, het 'n skadukant.

Die skuldberadingsmaatskappy DebtBusters se jongste jaarlikse Money Stress Tracker, 'n aanlyn peiling van 26 000 mense, wys hoe meer geld deursnee-Suid-Afrikaners verdien, hoe hoër is hul skuldvlakke.

Dis grootliks omdat hulle groter huispaaiemente het – en dus swaarder geraak is deur die skerp styging in die rentekoers die laaste paar jaar.

Dit sou ook 'n wanindruk wees om te aanvaar mense met 'n groter besteebare inkomste kan hul skuld doeltreffender bestuur.

Trouens, 60% van Suid-Afrikaners wat maandeliks meer as R20 000 verdien, het onvolhoubare vlakke van skuld.

Nie minder nie as 43% van respondente wat tussen R20 000 en R35 000 per maand verdien, het hoogs onvolhoubare skuldvlakke.

Daardie syfer styg tot 'n kommerwekkende 46% vir respondente met 'n maandelikse inkomste van R35 000 of meer.

### Skuldvlakke volgens ouderdom

Wat ouderdomsgroepe betref, is dit mense ouer as 45 – en wat gemiddeld 'n hoër inkomste het – wat ook die hoogste vlakke van onvolhoubare skuld het.

In ag genome dat die fiskus al onder aansienlike druk is omdat net 7,4 miljoen individue, wat 'n skamele 12% van die totale bevolking uitmaak, vir inkomstebelasting geregistreer is, is dit rede tot kommer.

Volgens die tesourie se berekeninge betaal net 25% van dié 7,4 miljoen mense 58% van die land se totale inkomstebelasting.

“Die groep wat sukkel met 'n onvolhoubare skuldlas, is die ruggraat van Suid-Afrika se middelklas,” sê Benay Sager, uitvoerende hoof van DebtBusters.

### Kry hulp

“Die navorsing toon ouer mense met die hoogste inkomste verkeer onder die grootste druk om hul skuld terug te betaal.

“Tog is hulle ook die meeste daarteen gekant om hulp te vra. Die meeste van dié respondente meen hulle weet nie van 'n betroubare party om hulp te verleen nie.

“54% van jonger verbruikers is bereid om die stres afkomstig van hul geldsake aan te pak, maar is onseker oor die opsies wat daar is. Mense jonger as 35 erken hulle kry skaam, terwyl individue bo 35 meestal hul probleme probeer ignoreer.”

68% van alle respondente sê hulle bestee meer as 30% van hul inkomste ná belasting op skuldterugbetalings, terwyl 53% s'n meer as 40% daaraan bestee.

“Ons beveel gewoonlik aan dat mense nie die 30%-kerf verbysteek nie. Die 40%-kerf is die hoogste waarmee ons sou gemaklik wees en selfs dít is moontlik al te hoog,” sê Sager.

### Geestesgesondheid geknou

Dit is nie juis verrassend dat Suid-Afrikaners se geesteswelstand ook ingrypend deur hul skuld beïnvloed word nie.

Ondanks 'n klein afname van drie persentasiepunte vanaf die vorige jaar, sê 75% van alle respondente hul stresvlakke oor hul geldsake is hoog.

Uit hierdie groep meen 93% dit beïnvloed hul huislewe op 'n negatiewe wyse, terwyl 76% sê dit beïnvloed hul werklewe.

74% van die respondente meen ook hul gesondheid is aangetas.

“Drie uit vier mense wat dieselfde menings bied, is werklik beduidend,” sê Sager.


“Die voortgesette hoë vlakke van finansiële stres in ons samelewing is werklik iets wat nie meer geïgnoreer kan word nie.”

Old Mutual se Spaar- en Beleggingsmonitor het pas bevind 37% van Suid-Afrikaners ervaar hoë of oorweldigende stres oor hul geldsake, maar nog 47% voel ook tog die spanning aan, hoewel in 'n mindere mate. Net 16% sê hulle het geen finansiële stres nie.

### Só lyk Suid-Afrikaners se skuldlas volgens ouderdom

**In die geheel bestee 68% van verbruikers meer as 30% van nabelaste inkomste aan skuldterugbetalings.**


DebtBusters se maatstaf vir die volhoubaarheid van skuldterugbetalings:




Bron: DebtBusters — THAWLIB DAVIDS, Netwerk24-grafika

### Só lyk Suid-Afrikaners se skuldvlakke volgens inkomste

DebtBusters se maatstaf vir die volhoubaarheid van skuldterugbetalings:




Bron: DebtBusters — THAWLIB DAVIDS, Netwerk24-grafika

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.